Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP DIE PLAAS HERMANUSDOORNS

10 Augustus 2013 om 11H00

1 Verwelkoming

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 deur alle aandeelhouers te verwelkom en rig 'n spesiale verwelkoming aan alle nuwe aandeelhouers.

2 Verskonings

Floors du Plessis
Willie Botha
Elrida Starke
Vernon Keys

3 Kennisgewing van vergadering en kworum

Daar was 69 (nege en sestig) van die 100 (een honderd) aandeelhouers persoonlik of deur volmagtiging teenwoordig en aangesien 'n kworum teenwoordig is, verklaar die Voorsitter dat die vergadering mag voortgaan. Die Voorsitter dui daarop dat 35 stemme vir Gewone Besluite, en 52 stemme vir Spesiale Besluite nodig is.

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied deur middel van die vertoon van registrasie kaarte, waar elke kaart een aandeel en een stem verteenwoordig.

Keith Smith bied hulp aan om stemme te tel.

4 Voorsitter se verslag

Sedert die vorige jaarvergadering is 3 (drie) aandele verkoop en verwelkom die Voorsitter die nuwe aandeelhouers.

Die Voorsitter doen volledig verslag van die vorige jaar se aktiwiteite onder die volgende opskrifte:

- Finansiële stand
- Kwessies van belanghebbendes
- Korparatiwe bestuur
- Infrastruktuur & Batebestuur
- Personeel Aangeleenthede
- Fauna & Flora
- Diensverskaffing

4.1 <u>Finansiële stand</u>

Die finansië stand is gesond, alhoewel laat betaling van heffings steeds 'n bekommernis bly. Die situasie het sedert verlede jaar verbeter en R321 000 was soos op 31 Maart uitstaande teenoor die R564 000 die vorige jaar. Dit bly onaanvaarbaar.

Vonnis is teen 5 (vyf) aandeelhouers verkry om die aandele op 'n veiling te verkoop. Twee aandeelhouers het sederdien hulle heffings betaal, maar regsskoste is nog uitstaande.

Dit is kommerwekkend dat ‘n mede aandeelhouer, een van hierdie aandeelhouers teen die maatskappy verdedig.

Die heffing vir permanente inwoners is na 133% van nie permanente inwoners se heffing, vanaf die volgende heffingsjaar, verminder en sal in die toekoms hersien word.

Die heffing vir nie inwonende aandeelhouers vir die 2014/15 jaar vehoog met 6.5% tot R22000 per jaar. Een heffing word gehef wat die kapitaalheffing insluit.

Die geouditeerde finansiële verslag is volgens die “SAICA” riglyn vir verslagdoening deur deeltitel maatskappye van Junie 2011, waarin bevestig word dat aankope van bates in berekening gebring word in die inkomste state en sonder waarde aangetoon word in die balansstate in die jaar van aankope, aangesien dit aan aandeelhouers behoort en nie die maatskappy nie. Dit is in ooreenstemming met die veslagdoening soos in die 2012 finansiële state vervat is.

4.2 Kwessies van belanghebbendes

Kwessies ten opsigte van oorerwing/sindikate, kommunikasie, Eskom kraglyne, plaasbestuur en arbeidsaangeleenthede word ter tafel geneem.

Oplossings vir sekuriteit /toegang beheer is die volgende projek wat deur die direksie aangespeek sal word. Daar bestaan heelwat gevorderde elektroniese oplossings wat ondersoek sal word. Die Voorsitter sal voorstelle, vir hierdie aangeleentheid, vanaf aandeelhouers waardeer.

4.3 Korporatiewe bestuur

Die belangrikste aksie in die verband, is die opstelling van ‘n nuwe Memorandum van Inkorporasie (MOI) om die huidige Memorandum en Akte van Oprigting in terme van die werking van Maatskappye, Wet Nr 71 van 2008, te vervang.

Die finasiële state was ten minste 5 keer deurgewerk en is van hoogstaande gehalte. Die Voorsitter bedank the Finansiële Verslagdoeningskomitee , in besonder Attie du Plessis en Willie Botha, daarvoor.

Met die aanstelling van die nuwe plaasbestuurder sal die huidige magtigingslimiete nagesien en implementeer word.

4.4 Infrastruktuur & Batebestuur

Die swembad het gekraak en herstelwerk is in proses. Die die bad behoort in die Lente gereed te wees.

‘n Voertuigbeleid is die afgelope 12 maande ontwikkel en ‘n nuwe bakkie is aangekoop.

Tien ton Bentonite is gratis bekom (vervoerkoste uitgesluit) en sal aangewend word om die damme te seel.

Die woonplekke van sommige aandeelhouers het aandag nodig en die Voorsitter versoek samewerking in die verband.

Spesiale besluit Nr 2, in verband met die verkoop van die klein kampie, word verduidelik.

4.5 Personeel Aangeleenthede

Die Voorsitter bedank die Plaasbestuurder vir sy bydrae as plaasbestuurder die afgelope 18 jaar en gee 'n kort bekendstelling van die nuwe plaasbestuurder, wie diens aanvaar op 1 September 2013.

Die uittredende bestuurder spreek 'n woord tot die vergadering en moedig die aandeelhouers aan om die nuwe bestuurder te ondersteun en nie met onbenullige sake te op te saal nie.

Die Voorsitter verduidelik die samestelling van die plaasbestuur en rig 'n besondere woord van dank aan Pieter en Annetjie en die res van die personeel vir hulle lojale ondersteunig en toegewydheid aan die plaas.

4.6 Fauna & Flora

Koedoes en Rooibokke sal volgende jaar gevang moet word.

Die nuutste omgewingsverslag dui daarop dat 'n beheerde veldbrand of intensiewe beweiding voor die reënseisoen sal moet plaasvind. In albei gevalle bestaan daar 'n risiko. Die Voorsitter sowel as die res van die vergadering was teen die metode van brand. Die metode van intensiewe beweiding deur byvoorbeeld beeste vir twee tot drie maande in spesifieke areas onder toesig, word verkies.

4.7 Diensverskaffing

Die Voorsitter verduidelik die bestaande dienste wat deur die maatskappy verskaf word. Geen fooi sal meer gehef word vir die lees van krag nie.

Elektrisiteitskoste sal op 1 Oktober met 20% verhoog om voorsiening te maak vir die Eskom verhoging. Tariewe vir wasgoed verhoog met 3% en alarmonitering met 4.2%.
Die Voorsitter versoek ook dat aandeelhouers tot die radio frekwensie moet aansluit.

Aandeelhouers mag nie skoonmakers direk in diens neem nie. Dit moet deur die plaasbestuur gedoen word.

5 Gewone Sake

a Gewone Besluit 1

Aanvaarding van die notule van die AJV gehou op 11 Augustus 2012 word aangeteken as eerste besluit.

Mnr Botha versoek 'n verandering in die terminologie van punt CI 4.2 "Audit Committee" na "Financial Reporting Committee".

Daar word tot stemming oorgegaan.
Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr R Hofmeyer

Algemeen aanvaar.

b Gewone Besluit 2

Aanvaarding van die maatskappy se finansiële state vir die tydperk eindigend 28 Februarie 2013, asook die verslae van direkteure en ouditeure.

Mnr. Vosloo bevraagteken die ouditeursfooi. Mnr. Du Plessis het daarop gereageer en gesê dat die "Financial Reporting Committee" tevrede was met die kwantum en verduidelik die verskil in die werksaamhede van die "Financial Reporting Committee" en die eksterne ouditeure en bevestig ook dat die "Financial Reporting Committee" nie vergoeding vir hulle insette ontvang nie. Die "Financial Reporting Committee" is 'n komitee wat deur die direksie aangestel is en die direksie neem verantwoordelikheid vir die Finansiële verslag nadat die "Financial Reporting Committee" se aanbeveling nagegaan en aanvaar is.

Voorsteller: Mnr R van Lingen
Sekondant: Mnr H Venter

Algemeen aanvaar.

c Gewone Besluit 3

Die besluit vir die heraanstelling van Russell James en Kie as ouditeure vir die maatskappy tot en met die volgende algemene jaarvergadering.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr S Gericke

Algemeen aanvaar.

d Gewone Besluit 4

- Inleidend tot Gewone Besluit 4

Tydens die vergadering van Direkteure gehou op 15 Julie 2013 is Mnre. J Kotze en C Ross benoem om op die direksie te dien.

- Mnr Kotze is 'n afgetrede bestuurder van verskeie maatskappye en woon nou permanent op die plaas.
- Mnr Ross is 'n bekende sakeman en Hoofuitvoerende Direkteur van die City Lodge Hotelgroep.

Die besluit vir die bekragtiging van die twee direkteure word afsonderlik hanteer.

Gewone Besluit 4a

Aanvaarding van Gewone besluit 4a om Mnr Clifford Ross as 'n direkteur aan te stel.
Voorsteller: Mnr M Perrie

Algemeen aanvaar.

Gewone Besluit 4b

Aanvaarding van Gewone besluit 4b om Mnr Johan Kotze as 'n direkteur aan te stel.
Voorsteller: Mnr H Venter

Algemeen aanvaar

6 Spesiale Sake

Die volgende besluite word sonder of met veranderinge voorgehou as spesiale besluite.

a Spesiale Besluit 1

- Inleidend tot spesiale besluit 1

As gevolg van die verandering op wetgewing rakende maatskappye, word 'n nuwe MOI benodig. Die voorstelling vir die MOI is gebaseer op die huidige Memorandum en Akte van Oprigting van die maatskappy insluitend alle goedgekeurde spesiale besluite.

- Spesiale Besluit 1

MOI met insluiting van ander Spesiale Besluite wat gedurende hierdie Algemene Jaarvergadering goedgekeur word, word aanvaar.
Voorsteller: Mnr J Rupert
Sekondant: Mnr S Gericke

Algemeen aanvaar.

b Spesiale Besluit 2

- Inleidend tot spesiale besluit 2

In die proses, gedurende 1999, om die eiendomme te konsolideer, is ook met Hermanusdoorns Trust, wat aan 'n aandeelhouer Mnr A Vosloo behoort, onderhandel vir die verkoop van die "Small Camp" aan die genoemde Trust. Op daardie stadium is dit deur die owerheid afgekeur omdat dit te klein is (156 hektaar) om 'n ekonomiese eenheid te vorm en is

die volgende Spesiale Besluit gedurende die Algemene Jaarvergadering van 2000 tussen die partye geneem.

Ses (6) Gewone Aandele vir uitsluitlike gebruik van die "Small camp" in ruil vir die oorspronklike verkoopsooreenkoms.

- Twee (2) van hierdie aandele se heffing is gebruik vir dienste deur die maatskappy gelewer.
- Indien wetgewing rakende eiendomsreg verander:
  - Kan die eiendom oorgedra word na die Hermanusdoorns Trust. Alle koste word deur Hermanusdoorns Trust gedra.
  - Die ses (6) aandele word deur die Maatskappy teruggeneem.
  - Die eiendom word verkoop, gelykstaande aan die prys soos ooreengekom in 2000, vir die bedrag van R400 000.
  - Geen verdere dienste sal vir Hermanusdoorns Trust op die "Small camp" gelewer word nie.

Hermanusdoorns Trust het aangedui dat hulle die verlangde regte bekom het en wil graag nou die opsie uitoeffen.

- Spesiale Besluit 2

Besluit as spesiale besluit 2 om onderhewig aan die verkryging die nodige toestemmings, die tersake eiendom oor te dra aan Hermanusdoorns Trust in ruil vir die 6 aandele vir die eksklusiewe gebruik van die klein kamp. Die direksie word gemagtig om die nodige stappe te neem ter uitvoering.

Voorsteller: Mnr A du Plessis
Sekondant: Mnr C Taylor

Algemeen aanvaar.

7 Verkiesing van Direkteure

Mnr. A S du Plessis bedank as direkteur in terme van die rotasie proses en is beskikbaar vir herverkiesing. Stemming word gedoen by wyse van geslote stembriewe en Mnr. Du Plessis word herverkies.

8 Algemeen

- Die 2014 Algemene Jaarvergadering word geskeduleer vir 9 Augustus 2014 op dieselfde plek.

- Mnr Daan Mosterd rig 'n vraag aan Mnr. Du Plessis waarin hy die Direksie se siening rakende bouprojekte bevraagteken. Die Voorsitter reageer deur te noem dat die maatskappy geen verdere bouwerk verrig nie, aangesien die risiko te hoog is. Onderhoudsdienste sal nog steeds gedoen word.

- Mnr. Johannes Venter noem dat hy die aandeel 22 jaar gelede gekoop het vir ontspannig en tweedens vir beleggingsdoeleindes. Jag word nou verbied. Hy stel voor dat Jag heringestel word, in plaas van die vang van wild, aangesien dit die heffing beter sal subsidueer. Die plaas is huidiglik stabiel, maar het gestagneer. Die Voorsitter versoek dat Mnr Venter sy idees op skrif stel met aanbevelings, vir oorweging.

- Mnre. Hofmeyer en Peet van der Merwe spreek albei hulle bekommernis uit oor skade wat bobbejane veroorsaak. Mnr van der Merwe stel voor dat ons in Swartwitpense moet belê. Siende dat die koste daaraan ongeveer R200 000 per dier beloop en 10 benodig word, is dit nie op hierdie stadium haalbaar nie.

- Mnr. Marais noem die moontlikheid van boogjag aangesien dit 'n meer "vredeliewende proses" is as die wreedheid tenoor diere in die proses van wildvang.

- Mnr Rees versoek dat die paaie in die berg meer begaanbaar gemaak word. Siende die hoë gras op die middelman van die pad, blyk dit dat geen onderhoud gedoen word nie.

- Mnr Oppel Greeff bedank die direksie en bestuur vir hulle pogings om die plaas te bestuur.

- Mnr Solly van der Wath beklemtoon die waarde van onderhoud. Daar is koste aan verbonde in die korttermyn maar die voordeel word gesien in die middeltermyn. Hy bevraagteken ook die bestuur van die bate register, aangesien hy vir 'n geruime tyd nie die Massey Ferguson Stootskraper opmerk nie. Hy het voorheen 'n brief geskryf rakende toegangbeheer en noem ook dat weens sy ondervinding by verskeie myne die weg van elektronika die beste is.

- Daar is geen verdere aangeleenthede wat deur aandeelhouers bespreek wou word nie.

- Die direksie benadruk sy dank aan die personeel en bestuur vir hulle werk om die plaas in so 'n goeie toestand te hou.

Daar is geen verdere sake om te bespreek nie en die Voorsitter nooi almal uit om van die koedoepotjie wat deur die plaasbestuur voorberei is, te kom nuttig.

Die vergadering word om 13h00 verdaag.

Voorsteller: Die hele vergadering.